

## HOOFSTUK SEWE: DIE GESIN

*“So sterk voel God oor die gesin dat Hy Homself familiaal noem. ... Een van die sterkste bekendmakings van Israel se God, Jahwe, is dat Hy vernoem is as die Familiégod: die God van Abraham, Isak en Jakob. Later word dié name 'n metafoor vir die hele volk as familie van God”* (Naudé 1999:43). Hendriks (1992:95) meen: “*Die gesin is God se mikro-gemeente, in 'n sekere sin die belangrikste gemeente!*”.

Volgens Strommen en Hardel (2000:15) kom daar twee basiese konsepte in die Bybel vir gesinne voor. (1) Verhoudings: Verhoudings nie net in die sin as kollektiewe eenheid nie, maar verhoudings tussen ouers en kinders. (2) Prioriteite: Die gesinslewe is 'n tydelike deel van die ewige koninkryk van God en daarom kom die koninkryk van God eerste en in die tweede plek die gesinslewe. 'n Model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid fokus derhalwe op die opbou van onderlinge verhoudings en die uitbou van die koninkryk van God.

Silva en Smart (1999:3) haal Tony Blair, eerste minister van Engeland soos volg aan uit *“The Guardian”* van 1 Oktober 1997:

We cannot say we want a strong and secure society when we ignore its very foundations: family life. This is not about preaching to individuals about their private lives. It is addressing a huge social problem. Attitudes have changed. The world has changed, .... Nearly 100,000 teenage pregnancies every year; elderly parents with whom families cannot cope; children growing up without role models they can respect and learn from; more and deeper poverty; more crime; more truancy; more neglect of educational opportunities, and above all more unhappiness. Every area of this government's policy will be scrutinized to see how it affects family life. Every policy examined, every initiative tested, and every avenue explored to see how we strengthen our families.

(Silva en Smart 1999:3)

Alhoewel hierdie aanhaling goed op die oor klink en ook miskien so bedoel is, is Barton (2001:9) van mening dat die gesin in politieke debatte op verskillende maniere gebruik word.: *“It is not surprising ... to find that ... the family often becomes a political tool serving the interests of a larger agenda”*. Barton verwys na hierdie soort gebruik by konserwatiewes om die *status quo* te handhaaf, die liberales wil daardeur individuele regte beskerm, by die fundamentaliste is die gesin 'n bolwerk teen die morele dubbelsinnigheid van sekulêre moderniteit en vir die feministe is dit 'n instrument van die patriargale onderdrukking van die vrou.

Teen die agtergrond van hierdie verskillende beskouinge en gebruikte van die gesin in politieke debatte vra om 'n meer internasionale beskrywing van die gesin vir hierdie navorsing.

### 7.1 'n Internasionale beskouing van die gesin

Drie dekades gelede definieer Steyn en Breedt (1977:27) die gesin soos volg: “... die gesin verwys in die meeste gevalle, en by uitstek in die Westerse samelewing, na

*daardie groep mense wat gevorm word deur die twee volwassenes van die teenoorgestelde geslag wat 'n goedgekeurde geslagtelike verhouding het, en die afhanglike kinders wat uit hierdie verhouding gebore word".* Tog is Steyn en andere (1977:28) reeds bewus van die feit dat die begrip "gesin" nie net na die biologiese groepering van ouers en hul kinders verwys nie, maar ook na 'n stel maatskaplik gedefinieerde posisies is. Meer resente navorsing en 'n Protestantse perspektief van die gesin, gee die hoop dat die tradisionele of nukleêre gesin nie heeltemal verlore gegaan het nie:

The family in its essence is the culmination of marriage between man and woman as marked by the birth (or adoption) of a child in covenant love. The bringing of children into the world and their socialization through highly personal love are the main functions of the family, the essential fruit of marriage, the seal of a couple's union, and the opportunity for profound moral growth through motherhood and fatherhood. The interweaving of this ideal form of the family over several generations creates the extended family with grandparents, whose unique teaching function should always be valued.

(Post 1997:21)

Porter (1995:9) beweer: "*To understand the present context of families is to acknowledge rapid social and cultural change right across the globe*". Barna (1995:65) sê: "*Several years ago, we discovered that a majority of adults now define family to be any and all individuals whom they deeply care for or who deeply care about them*". Volgens Barna (1995:65) aanvaar twee uit elke drie tieners hierdie siening as die mees akkurate definisie van 'n gesin. Tog is daar egter 'n voorwaarde aan verbonde om deel van die gesin te word "... *in our achievement-oriented society, there are no more free rides - if you want to be part of the family, you have to earn that right*" (Barna 1995:65).

Benson (1997:179) beweer: "... *dramatic changes in families and parents' view of their role have altered the family's ability to provide a foundation for young people*". 'n Sekulêre perspektief van die gesin blyk in Amerika 'n dominerende siening van die gesin te wees, naamlik dat 'n gesin uit 'n verskeidenheid van gesinsamestellings bestaan. Volgens Witte (1998:31) definieer die Amerikaanse wet die gesin soos volg: "*American law today defines the family as a married couple - or a widow, widower, or divorce - cohabiting with one or more natural children, adopted children, or stepchildren. It defines marriage as a monogamous, heterosexual union properly contracted between a fit man and woman of the age of consent*".

Carter en McGoldrick (1999:10) beweer dat gesinne baie vorme aanneem: "... *multigenerational extended families of three or four generations, gay or lesbian couples and children, remarried families with shifting membership of children who belong to several households, single-parent families, families consisting of brothers and/or sisters or aunts and nieces, unmarried partners and their children and possibly a parent or an unmarried sibling of one*". Die ontwikkeling van 'n gesinsbedieningsmodel sal al hierdie veranderende faktore in gedagte moet hou en ook aanpasbaar wees vir verdere verwikkelinge en ander vorme van gesinne wat na vore sal kom. "*This family will need new preparations, new skills, new religious and communal supports, and a new theory of authority*" (Browning 1997:1).

Allen, Fine en Demo (2000:1) meen: “... a family is characterized by two or more persons related by birth, marriage, adoption, or choice”. Verder stem die definiering van 'n gesin deur Allen en andere ooreen met die beskouing van Barna waar hulle die klem ook op sosio-emosionele bande en voortdurende verantwoordelikhede plaas, veral waar een of twee lede van ander afhanklik is vir ondersteuning en versorging. Allen en andere (2000:1) beweer: “By adding diversity to family, we recognize that there are different types of families who use a multitude of ways to meet their needs for reproduction, cohabitation, nurturance, economic cooperation, affection, protection, and meaning”.

Hierdie intensieve studie van gesinsdiversiteit van Allen en andere, werp lig op heelwat kontroversiële stellings en vrae oor gesinne in die postmoderne tyd wat aktueel en relevant in die Suid-Afrikaanse konteks is soos die wettiging van gay-gesinne ensovoorts. Voorheen is daar onderskeid getref tussen kinders gebore binne en buite die huwelik en dié wat aangeneem is. Vandag geniet alle kinders ewevel beskerming onder die wet. Dit word ook al hoe meer aanvaar dat die voorhuwelikse bevrugting genoeg gronde is vir 'n huweliksluiting met die minimum formaliteit. Teen hierdie agtergrond moet daar toekomsgerig gekyk word om 'n gesinsbedieningsmodel te formuleer. Van Leeuwen (2000:211-219) verwys na enkele kompeterende modelle vanuit 'n wêreldperspektief: “Restoring a hierarchy of separate gendered spheres ...The model of functional equality between the sexes ...The social-partnership model”.

Hoe al die ander dissiplines oor die samestelling van gesinne vanuit 'n sosiologies-kulturele oogpunt dink, is sekerlik ter sake, maar vanuit 'n Bybelse oogpunt beskou, bly die model vir hierdie navorsing 'n nukleêre gesin, met die opsie om alle ander vorme van gesinne in die gemeenskap pastoraal so te begelei dat Jesus Christus as die komende Bruidegom van die bruid, die kerk, verkondig sal word (vgl Matt 25:1-13).

## 7.2 Die teologie van die gesin

Met enkele kerklike asook sekulêre perspektiewe van die tradisionele en moderne gesin, moet daar ook teologies oor die gesin besin word. Omdat die gesin so sentraal in die samelewning staan en regerings ook aandag skenk aan beleidsformulering met betrekking tot die gesin en in besonder met betrekking tot kinders, moet die navorsing van ander dissiplines ook erkenning geniet soos sosiologie, antropologie en psigologie. As daar nie met meer erns met die teologie van gesinsbediening omgegaan word nie, sal die teoloë en Christen-ouers hulself in 'n al hoe moeiliker en meer magtelose situasie bevind. Post (1998:22) meen: “Over the last two decades, Protestant theologians have indeed tended to set aside any concern with the New Testament vision of the form of the family”. Hy verwys na John Patton en Brian H. Childs se studie en siening van vormlose gesinne. Hulle is van mening dat daar geen ideale vorm vir die Christen-gesin is waarna gestrewe kan word nie. Daar is wel 'n normatiewe funksie, naamlik omgee. Post (1998:22) beweer egter: “Formlessness is one response to a tradition of marriage and family that is plagued by patriarchy and injustice. But such plagues do not mean that the two-parent family form can be rejected, for without it children will in general suffer, and an essential element of New Testament Christianity will be lost”.

Hoe moeilik die soeke na 'n gesinsteologie of 'n gesinsbedieningsmodel mag wees, mag dit nooit in die eerste plek slegs aan ander dissiplines oorgelaat word om oplossings vir die huidige gesinsproblematiek te soek en te vind nie. God het die mens geskape en in 'n gesinsverband geplaas. Hy het 'n besliste antwoord vir die problematiek binne die gesin. Indien teoloë reeds besig is om vormloosheid in gesinne as aanvaarbaar te beskou, stuit dit die pogings om 'n nuwe waardering vir die gesin vanuit 'n Bybelse perspektief te koester. Die inklusiewe aard van jeugbediening wat tans sterk bepleit word, (vgl Nel:1998), sal dan moontlik nog binne kerklike kringe bespreek word, maar nie werklik binne 'n vormlose bestaan van gesinne gerealiseer kan word nie, aangesien tieners na 'n vaste basis soek om 'n eie identiteit te vorm.

Die praktiese teologie moet dus 'n duidelike standpunt oor die gesin inneem sodat ander dissiplines nie al hoe meer gesien sal word as die enigste met 'n antwoord vir die gesinsproblematiek nie. Daar moet 'n nuwe waardering en etiek vir die gesin vanuit 'n verbondsperspektief gekweek word om gesinne te leer om die waardes en norme van die Bybel in die daaglikse lewe op 'n sosialiserende of ander wyse, byvoorbeeld "*edutainment*", by die gesin en tiener te kweek (vgl Hebbard 1995:186).

A socially responsive Protestantism should construct a new ethics of marriage and family that, informed by gender equality, addresses the issue of what spouses owe each other, their children, and outsiders near and far. In such a Christianity, family becomes a central concern of the church, but never so as to exclude or burden those who are called to singleness and never so as to tolerate patriarchal abuses. Practically, the church cannot succeed unless families support its beliefs and values; by the same token, families need the support of the fellowship of believers lest they become insular and exclusionary.

(Post 1998:23)

Daar is gemeentes wat wel pogings aanwend om die patriargale leierskap van die vader in die gesin te beklemtoon, maar voer 'n stryd teen feminisme en ander filosofieë en regstellende aksies om geen onderskeid tussen geslagte te maak nie. Hierdie denkriktings wil ook die teologie met betrekking tot gesinne in so 'n mate bepaal dat die teologie ast'ware aan ander dissiplines ondergeskik gestel word.

### **7.3 Persepsies van die gesin**

Dit is duidelik dat daar al hoe meer verskillende persepsies van die gesin ontstaan met die toename in die verskeidenheid van gesinsamestellings (vgl paragraaf 7.1). Verkeerde persepsies van 'n gesin kan onderlinge verhoudinge binne die gesin nadelig beïnvloed. Dit is dus nodig om te weet wat die algemene persepsie onder ouers en tieners van gesinne is. Dit mag so wees dat baie persone, miskienveral tieners, negatiewe persepsies van gesinne het omdat daar so baie gesinsverbrokkeling in die samelewning is, maar dit mag nie tot 'n rede verhef word waarom die nukleêre gesin uitgedien sal raak nie. Ten spyte van hierdie sieninge moet die enorme simboliese potensiaal van die gesin nie onderskat word nie (vgl Barton 2001:8). Persepsies van gesinne, negatief of positief, moet as 'n uitdaging beskou word om met meer vertroue in en gehoorsaamheid aan God gesinsbediening

te ontwikkel as 'n teenvoeter vir gesinsverbrokking. God sou nooit die gesin ingestel het en dwarsdeur die Skrif hoog ag as Hy voorsien het dat dit iewers in die toekoms uitgedien sou raak nie. Word gesinne werklik minder belangrik of is dit slegs besig om in vorm te verander? Hierdie vraag word volgens Browning (1997:30) sedert die begin van die 1990's voortdurend gevra en voorheen het sosiale wetenskaplikes en kulturele liberales geglo dat gesinne bloot besig is om te verander en dat die nuwe vorm netso goed is en selfs beter kan wees as die ou gesinsvorm: "*Religious, cultural, and political conservatives, however, believed that most family changes were harmful. But within a very few years liberal political and cultural opinion makers had moved away from the idea that family changes were benign to an new concern over family disruption.*"

Om 'n gesinsbedieningsmodel te formuleer waarin verskillende perspektiewe van die gesin verreken moet word, maak die taak aansienlik moeiliker as om bloot die tradisionele en nukleêre gesin in gedagte te hou. Wat is dus die algemene persepsie van 'n hegte gesin? 'n Vader en moeder wat kinders binne die verbonds liefde verwek en opvoed is 'n Protestantse persepsie van 'n gesin. Dit is nie noodwendig die algemene persepsie van 'n gesin nie vanweë die groot verskeidenheid van gesinsamestellings en kinders wat binne hierdie verskeidenheid opgevoed word en dit nie noodwendig as 'n abnormale gesinsamestelling beskou nie. Vir die meeste gaan dit nie oor wat reg of verkeerd is nie, maar wat die beste in hul situasie werk. Die kulturele en ekonomiese dominansie speel 'n groot rol in die perceptuele veranderinge rondom gesinne. Van Leeuwen (2000:208) gee 'n kort historiese oorsig van veranderinge in die Westerse wêreld en beweer: "... there has been a definite – and needed – return in Western social thought to a hermeneutics of trust regarding marriage as a positive social institution". Wat die nie-Westerse gemeenskappe betref, beweer Van Leeuwen (2000:208-211) dat die minder geïndustrialiseerde bevolkings in 'n gevaaalike situasie tussen pre-moderne, moderne en postmoderne wêreldmagte verkeer. As gevolg van 'n bewustheid rondom ekonomiese groei en migrasie van veral mans vir 'n beter inkomste, het ander vorme van verhoudings na vore gekom – gewoonlik heteroseksueel, maar in stedelike gebiede het homoseksuele verhoudings toegeneem en het kortstondige seksuele verhoudings tot die AIDS-epidemie bygedra. Dit het die geslags- en familieverhoudings verander. Die algemene persepsie van 'n gesin is dus moeilik bepaalbaar en wissel van situasie tot situasie en moontlik van gesin tot gesin. Daar word dus in hierdie navorsing veronderstel dat die persepsies van gesinne veelvoudig is.

Vir die doel van hierdie navorsing, is dit nodig om die klem op die ouers en tieners se persepsie van die gesin te laat val. Die verwagting is dat ouers en tieners se persepsie van die gesin moontlik drasties kan verskil vanweë die selfgenoegsaamheid van ouers binne die raamwerk van afwesigheid as gevolg van die beroepslewe en tieners wat alleen huis is of wat elders 'n tuiste vind om hul behoeftes te bevredig en wat blootgestel word aan die persepsie wat die media oor gesinne oordra. Alhoewel tieners in hierdie situasie opgroei, is die behoefte aan 'n vader en moeder 'n sterk ingebore angeleentheid en is daar dus geen ware substituut vir ouers nie. Ouers kyk moontlik meer deur die bril van lewenstandaard na die gesin en tieners deur die bril van verhoudings, liefde, omgee en aanvaarding.

Om by die kern van gesinsbediening uit te kom as 'n bediening deur en met gesinslede, moet iets van die ouers en tieners se persepsie van mekaar begryp

word. Hoe ouer en tieners mekaar waarneem en oor mekaar voel, sal ook bepaal in watter mate daar met mekaar bemoeienis aangegaan sal word. Wanneer tieners nie respekteer vir hul ouers nie, sal ouers se pogings om die gesin op te bou nie aanvaarbaar wees nie.

*Cross-culturally, the prevailing, internalized sanctions include anxiety, shame, and guilt. ... Social approval, equally available to all human beings, is experienced in the positive correlatives of this trio: as sense of security, a grant of honor, and a sense of innocence. ... We consider it essential to understand the pivotal role of honor and shame as they relate to one of the most important stereotypes in antiquity, namely, gender and cultural definitions of male and female.*

Malina en Neyrey (1996:176)

Ouers en tieners se lewenswyse soos hulle deur plaaslike en wêreldmagte beïnvloed word asook 'n behoefte aan sekuriteit, eer en onskuld, bepaal dus die persepsie wat hulle van mekaar het. Martinson en Martinson (1998:66) beweer: "Children whose parents treat them with respect learn to respect themselves. The more parents value a child's uniqueness and elicit that child's gifts, the greater value and confidence the child finds in himself or herself"

## 7.4 Die basiese gesinstipes

Die toename in verskillende gesinstipes is 'n aanduiding dat daar tans in gesinne komplekse verwikkelinge aan die gang is.

### 7.4.1 Die kern- of nukleêre gesin:

**1. Wat tieners van dag tot dag van ouers leer:** (Vgl Den Dulk 1998:205 – Deut 6:6-8 in paragrawe 6.8.4 en Marais en ander 2001: Sewe familiegewoontes wat geloof laat groei in paragrawe 6.11.2 asook Müller 2002:70-71 in paragraaf 6.11.2). Hierdie Bybelse uitgangspunt wat in 'n praktiese werksdokument verwerk is teen die agtergrond van die benutting van simbole en rituele, is hier ter sprake.

**2. Die beduidende verband tussen gesonde gesinsbande en die positiewe sosiale gedrag van tieners:** Volgens De Vries (1994:80) toon navorsing herhaaldelik dat daar 'n beduidende verband tussen gesonde gesinsbande en positiewe sosiale gedrag by tieners bestaan. De Vries verwys in hierdie oopsig na Merton en Irene Strommen se adolescent-ouer-ondersoek waarby 8,156 jongmense en 10,467 ouers betrek is. "They discovered that the strength of the relationship between parents and their teenagers fortifies teenagers with the courage to make wise choices. The study discovered that teenagers from close families were the least likely to be involved in high-risk behavior" (vgl Strommen en Hardel 2000:14 in paragraaf 4.4.). Strommen en Hardel (2000:37) beweer: "Healthy relationships within families can be developed and strengthened in four ways, each contributing to the formation of committed children and youth: parental harmony, effective communication, wise parental control, parental nurturing".

**3. Wanneer tieners se talente en gawes deur hul ouers raakgesien word:** Alle mense floreer wanneer belangstelling in hulle doen en late getoon word – wanneer hulle eer en sekuriteit beleef (vgl Malina en Neyrey 1996:176). De Vries (1994:82)

meen: “*In God’s eyes, all the teenagers we work with are valuable and gifted. But if their family discounts those gifts, those young people may have difficulty believing us when we acknowledge them*”. De Vries (1994:82) beweer: “*Bob Laurent, in his study of why teenagers feel alienated from the church, found a strong connection between problems at home and adolescents who felt acutely alienated from the church*”. Tieners wil ervaar dat hul gawes, talente en vermoëns al hoe meer sin in die samelewing maak soos hulle opgroei en daarom moet daar aanpassings in die gesin gemaak word. Preto (1999:274) sê: “*The adaptations in family structure and organization that are required to handle the tasks of adolescence are so basic that the family itself is transformed from a unit that protects and nurtures young children to one that is a preparation center for the adolescent’s entrance into the world of adult responsibilities and commitments*”.

**4. Die gesin as laboratorium vir die tiener se geloofsbeniddeling:** Die tiener se geloof kan netsoveel indien nie meer rondom die etenstafel gevorm word as vanaf die preekstoel. De Vries (1994:83) verwys na Edward Hayes (1979:17) wat sê dat die eerste altaar waar primitiewe mense aanbid het, was die vuurherd. Hierdie oop vuur het in die middel van die huis gebrand. Die volgende altaar was die gesinstafel waar etes geniet is en belangrike gebeurtenisse in die persoonlike lewe en in die gesinslewe in herinnering geroep is. Die priesters van hierdie eerste rituele was die vaders en moeders van die gesinne. Volgens Perdue (1997:172) het die meeste opvoeding in die Antieke Israel binne die huishouding met verbale oordrag plaasgevind wat huishoudlike take, sosiale gewoontes en godsdienslike tradisie ingesluit het. Die klein kinders en dogters is deur die moeder (vgl Spr 1:8; 6:20) onderrig en die vaders was veronderstel om die seuns se opvoeding waar te neem, veral in hul tienerjare (Eks 10:2, Deut 4:9, 6:7, Spr 6:20).

De Vries (1994:84) verwys na ‘n studie oor die bemiddeling van godsdienslike waardes deur ouers aan hul tieners: “*Even though the teenagers as a whole were slightly less traditional than their parents, the teenagers’ values did, in fact parallel the values of their parents*”. Die studie sluit af met: “*Youth tend ... to resemble their parents in religious values held ... and even the independence of adolescence cannot usually obliterate these values completely*”. De Vries (1994:84) verwys ook na ‘n studie in 1990 in Protestantse gemeentes wat aandui dat die belangrikste faktor in ‘n tiener se geestelike volwassewording die vlak van die gesin se godsdienslike tradisie is. Daarmee word bedoel hoe gereeld ‘n adolescent met moeder en vader oor geloof gesels en in watter mate beide ouers saam met hul kinders betrokke is by pogings, formeel of informeel, om ander mense van hulp te wees. Strommen en Hardel (2000:97) het bevind dat slegs 5% van die jeug hulle op ‘n gereelde basis in ‘n geestelike gesprek met hul vaders bevind en 12% het ‘n ervaring van gesprekke met hul moeders oor geloofsake. De Vries (1994:85) verwys na Jonathan Edwards wat reeds 200 jaar gelede bevestig het hoe belangrik dit is dat vaders en moeders toegerus moet word om ‘n aktiewe rol in die geestelike opvoeding van hul kinders te speel en dit deur middel van gesprek en huisgodsdienst en omgeeprojekte. Benson (1997:187-188) beklemtoon drie aspekte in hierdie oopsig: (1) saam leer, (2) saam dien en (3) saam fees vier en ontspan. Strommen en Hardel (2000:150) meen: “... a Christian education program should provide training for adults in the rituals and traditions of the Christian community and should teach them how to create family symbols and traditions of faith for the home”.

**5. Die belangrike rol van ouers in jeugbediening:** Jeugwerkers werk baie hard om die jeugbediening aan die gang te hou terwyl hulle van die belangrikste kragbronne vir jeugbediening soms nalaat, naamlik die gawes, talente en vermoëns van die tieners en hulle ouers. De Vries (1994:86) sê: “*Parents, simply by the way they raise their children, will either empower our ministries or sabotage them. Parents play a role second only to that of the Holy Spirit in building the spiritual foundation of their children’s lives.*” Benson (1997:181) beweer: “*Asset building affirms parents’ important role in their children’s lives. ... [I]t motivates them to stay actively involved in their children’s lives ...*”. Strommen en Hardel (2000:232-235) verwys na Benson (1997) en die geweldige verskille tussen kinders in graad ses tot twaalf by wie waardes ingeskryf is en die by wie dit minimaal plaasgevind het. Die nasionale persentasie vir vrywillige diens in die VSA is 37%, maar wanneer die maksimale aantal waardes by kinders ingebou word, styg hierdie syfer na 75%. Waar waardes by kinders ingebou word, kan skoolprobleme tot ‘n minimum van selfs 2% beperk word.

**7.4.2 Die poligamiese gesin:** Steyn en Breedt (1977:35) meen dat die poligamiese gesin uit twee of meer kerngesinne bestaan wat deur gelykydighe meervoudige huwelike aan mekaar gekoppel is, en waar een van die eggenote dus ‘n gemeenskaplike lid van meerdere kerngesinne is.

**7.4.3 Die uitgebreide gesin:** Steyn en Breedt (1977:35) beweer dat die uitgebreide of “extended” gesinstype ontstaan waar twee of meer kerngesinne aan mekaar gekoppel word deur die uitbreiding van die ouer-kind-verhouding. So word in die patriarchale verwantskapsysteem gevind dat die seuns met hul vroue en kinders by hul ouers inwoon en saam dus so ‘n uitgebreide gesinstype op die patriliniäre lyn vorm. De Vries (1994:116) sê: “*An extended Christian family is a community of believers who affirm and encourage growth toward Christian maturity. Although having a set of peers who affirm one’s Christian faith is important, teenagers particularly need adults who can help provide a consistent, lifelong structure of Christian maturity. ... Only the church and the family can provide Christian nurture from birth to old age and even death.*” Taylor (2000:239) beweer ‘n ondersoek wat deur Billingsley (1968; 1992) onder Afrika-Amerikaanse families gedoen is, het 32 verskillende soorte nukleêre en uitgebreide families ontdek. Isolasie van gesinne en ‘n algemene individualistiese geneigdheid en die toename in verskillende soorte nukleêre en uitgebreide gesinne wek kommer ten opsigte van die hantering daarvan in gesinsbediening. Pretorius (1987:22) het voorsien dat gesinne al hoe meer van die uitgebreide gesinne geïsoleerd raak. Migrasie en die beroepslewe as gevolg van ‘n ekonomiese paradigma van groei en ontwikkeling het die uitgebreide gesinstelsel verskraal wat verder deur individualisme direk geraak word (vgl Latten 1999:25).

**7.4.4 Die enkelouergesin:** Geen enkele definisie van ‘n gesin kan die volle kompleksiteit daarvan insluit nie. Omdat enkelgesinne aansienlik varieer ten opsigte van geslag, ras en etnisiteit, opvoeding, huwelikstatus, ouderdom en lewensooreenkoms, kan nouliks aan ‘n definisie vir ‘n enkelgesin gedink word (vgl Amato 2000:159). In die samestelling van ‘n model vir gesinsbediening moet daar met die nodige versigtigheid met enkelouergesinne omgegaan word omdat dit soms meer kompleks van aard is en spesiale aandag verlang. Of daar nog steeds ‘n sterk stigma rondom enkelouergesinne bestaan, sal sekerlik van samelewing tot samelewing wissel. Dit is nie wenslik om enkelouergesinne of ander

gesinsamestellings as iets abnomaals te beskou nie. Afsonderlike hantering word deur sommige met die term "melaatsheid" vertolk. Enkelouers het nie noodwendig die behoefte om saam met ander enkelouers alleen binne 'n gesinsverrykingsprogram ingesluit te word nie. Dit moet ook aanvaar word dat sommige gesinne met beide ouers aanwesig soms swakker vaar in die opvoeding van kinders as enkelouers. Post (1998:21) sê: "*Some single parents struggle courageously and do succeed in raising children of character and accomplishment in spite of the obstacles, while some married couples are neglectful and abusive toward their children. ... Christians must be cautious not to stigmatize or stereotype the children of single-parent households, anyone of whom may contribute more to society than many who enjoyed a responsive mother and father.*"

**7.4.5 Stieffamilies:** Om gesinsbediening by die stieffamilieverband te beoefen, is 'n moeilike uitdaging vanweë die kompleksiteit daarvan. Arnold (1998:142) sê: "*Stepfamilies are more numerous and more complex than the 'normal' nuclear family. A variety of authors note approximately seventy-two different ways of becoming a stepfamily and approximately sixteen different types of stepfamily households*". Hetherington en Stanley-Hagan (2000:178) meen: "*Regardless of structure, stepfamily formation offers unique challenges to family members. Unlike couples in first marriages, couples in stepfamilies work to establish positive and strong marital relationships in the presence of children*". Hierdie gesinne sal spesiale aandag in die gesinsbedieningsmodel moet kry om verhoudings en waardes te bou.

## 7.5 Die verbondsgesin

Alhoewel die Bybel geen spesifieke gesinsbedieningsmodel beskrywe nie gee dit wel 'n basis vir 'n gesinsbedieningsmodel. Hierdie basis moet op so 'n wyse binne die postmoderne konteks geïntegreer word dat dit tot 'n gelowige leefwyse kan lei. Nel (1998:14) meen: "*uit die Bybel is dit duidelik: God het die mens geskep en het Hom vir altyd aan hierdie eiendom van Hom verbind*". Die Bybel maak ons van die verlore goedere bewus om 'n gelowige leefwyse te leef al het "... die mens ook al weerbarstig die Skeppershand deur eeuue heen probeer wegklap, ..."

 (Nel 1998:14). Die klem val veral op die hermeneutiese en pneumatologiese in hierdie soeke en teruggaan op die pad waar die verlore, verwaarloosde en selfs vergete middelle vir geloofsbemiddeling genadiglik nog wag om teruggevind of herwin te word. Dit sluit die skatkis van simbole en rituele in.

### 7.5.1 Gesin as verbondsisteem

Müller (1996:47) beweer: "*Hoewel die verbond 'n fundamenteel reformatoriese en veral gereformeerde teologiese konsep is, is dit skynbaar eers later op huwelik en gesin van toepassing gemaak*". Die wet en verbond van God gee aan die gesin sy ware karakter, naamlik onderlinge verbondenheid om die verwondheid te verhoed of teen te werk. "*Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan*" (Deut 6:6-7). Die gesinslewe moet spreek van 'n innige verhouding met God wat ook in die onderlinge verhouding van die gesinslede realiseer. Müller (1996:48) meen: "*Die verbondsbenadering bied heelwat moontlikhede vir die formulering van 'n teologie vir huwelik, seks en gesin*". Van der Walt (1983:220) sê: "*Die gesin se saamwees kry in die lig van hierdie*

*verbond 'n besondere betekenis en verantwoordelikheid". Die gesinsband is net soos die huwelik met 'n doel daar. Van der Walt (1983:221) sê: "As Paulus in 1 Kor 7 oor die huwelik praat, hoor jy dat huwelik nie ter wille van die huwelik daar is nie, maar om mense vir hulle dienswerk bekwaam te maak. Die gesin is nie ter wille van die gesin daar nie, maar om as gesin mekaar vir hulle diens in die koninkryk toe te rus".*

In gesinsbediening, waar die gesin as 'n verhoudingsnetwerk binne kontekste gesien word, praat Louw (1999:125-127) van 'n verbondsparadigma as theologiese basisteorie vir gesinsbediening wat uit vier dinamiese komponente bestaan: (1) die bindende komponent van uitverkiesing en roeping deur God; (2) die verlossende komponent van heil en genade; (3) die kennis- en gesagskomponent van wysheid en (4) die intimiteitskomponent van liefde (agape). Louw sê dat die verbondsysteem deur uitverkiesing, genade, wysheid en liefde as theologiese pole bepaal word:

**1. Uitverkiesing:** Ouerskap is nie bloot 'n biologiese aangeleentheid waar die mens 'n keuse maak nie, maar waar God die ouer tot ouerskap roep. Dit gee binne die verbondsysteem vir gesinsbediening vastigheid, toewyding en kontinuïteit. Louw (1999:125) sê: "*n Mens kan sê, eleksie as 'n verwysing na die trou van God is die theologiese kohesiefaktor vir gesinsdinamika*".

**2. Genade:** Gesinslede moenie mekaar in terme van foute of tekortkominge en sonde evalueer nie, maar in terme van moontlikhede. Louw (1999:126) sê: "*Genade verteenwoordig dan die dimensie van openheid, soepelheid en aanpasbaarheid binne die gesinsysteem*". Müller (1996:49) meen: "*Christus het bevry van die sondebande en daarom hoef ons nie in ons verhoudinge langer deur sonde gedikteer te word nie*".

**3. Wysheid:** Louw (1999:126) meen dat wysheid die unieke faktor van gesag en kennis verteenwoordig. "*Hierdie gesagsfaktor en ken-beginsel beteken prakties in 'n verbondsysteem dat gesinslede deur hul roeping (eleksie) en deur hul openheid (genade) mekaar deur die wysheid dien (diakonia)*". Louw verwys na die gesin as 'n mini-gemeente waardeur God se Vaderskap tot uitdrukking kom. Louw (1999:126) sê verder: "*Die uitwerking van hierdie diensfaktor op die gesinsysteem in 'n gesinsbedieningsmodel is dat die gesin 'n liturgiese leefruimte is waarbinne ouerskap 'n priesterlike dimensie van diens verkry*". Vir die Christen is dienslewering 'n bestaanwyse. "*Die gemeente loop as leerlinge agter die Diakonos aan*" (Nel 1998:72) en dit beteken elke gesin in die gemeente.

**4. Liefde:** Louw (1999:126) beweer dat liefde die faktor van samehorigheid en intimiteit verteenwoordig. Met "*intimitet*" word onvoorwaardelike aanvaarding bedoel sonder 'n angs vir verwerpning. Dit snoer gesinslede saam wat die gevoel van nabyheid en behoort aan 'n gesinsysteem verleen. Saamsnoer beteken koinonia in die gesin en daarvoor het die gesin Jesus Christus nodig (Nel 1998:71). Louw (1999:126) meen: "*Liefde skep ook 'n etiese faktor van wedersydse verantwoordelikheid vir mekaar, asook 'n pastorale faktor: Wedersydse sorg, omgee en hulp aan mekaar*". Barna (1995:108) verwys na 'n aantal reëls wat tieners definieer en rig en een daarvan is: "*Personal relationships count. Institutions don't*". Die uitgangspunt in hierdie navorsing is onder andere 'n gehoorsaamheid aan die roeping van God om dit wat genadiglik binne 'n gemeente as gesin tot stand gebring is, ook binne die gemeenskap as uitgebreide gesin buite kerkverband tot stand te

bring om daardeur die buitekerklikes deel van die liggaam van Jesus Christus te maak. Dit wil voorkom asof gesinne al hoe meer ter wille van hulself bestaan, terwyl die gesin as verbondsisteem 'n duidelike opdrag het om hierdie verbondenheid binne die verwondheid van die samelewing in te te dra om daar sout en lig te wees. Die samelewing word dus nie volgens foute geëvalueer nie, maar volgens moontlikhede. Dit is die poort na diakonia binne die samelewing. Op hierdie wyse kan die samelewing bewus word van God as Vader en wat deur sy liefde (*agape*) nabyheid in die samelewing kan bring vir wedersydse sorg.

### 7.5.2 Ouers se posisie in die verbondsgesin

Ongeag allerlei programme en hulpmiddele wat vir ouers ontwerp is om hulle te help met hul kinders se geloofsbemiddeling en -vorming, begin geloofsoordrag by die ouers self met of sonder die nodige toerusting. Die gesin bly die belangrikste geloofsbemiddelingsisteem in die gemeente vanwaar die verlossingboodskap uitgedra moet word (vgl diagram 26: *God se plan met die verbondsgesin*). Ouers is ongeag hul toegerustheid die primêre geloofsbemiddelaars van kinders. Martinson en Martinson (1998:69) sê: "*Families are one of God's communities where the story of God's truth and love creates the knowledge, the experience, and the life of faith. Parents can tell God's story and be instruments of God's Spirit. They can help children integrate God's story with the child's life through regular sharing of the parents' own faith journey*".

Die ingesteldheid waarmee byvoorbeeld geloftes, ooreenkoms, kontrakte en belydenisse soms in die kerk gehanteer word, wek nie by kinders die idee dat hierdie verbintenisse met die Verbondsgod gesluit word nie. Peters (1996:32) beweer: "*Choosing for children might take the form of a covenant. Ordinarily we associate our culture of individualism and choice with contracts, not covenants. We freely enter into contracts and stipulate the rules to which we will abide. When abiding by the contract rules no longer seems mutually beneficial, we try to break the contract*". Daarteenoor moet ouers en veral vaders opnuut bewus word van die heiligkeit van die Verbondsgod asook sy verbond met die mensdom. Die vaders se verantwoordelikheid binne die gesin is 'n verbondsverantwoordelikheid. Dit moet met heiligkeit en respek gehanteer word om kinders ook bewus te maak van die heilige Verbondsgod. Peters (1996:32) verwys na die vryheid van keuse wat ouers het en wat almal deur God geroep is om geloofsbedienaars vir hul kinders te wees, maar die reëls is heilig en kom van God. Peters meen toewyding aan kinders is 'n goddelike geordende geleentheid vir ouers. Die feit dat ouers 'n keuse het om hierdie roeping te aanvaar of nie, gee 'n element van aanneming in elke volwasse verhouding met 'n kind, selfs al dra die kind die volwassene se gene.

Volgens Garbarino (1985:241) is daar ook ander faktore en persone wat tieners vorm alhoewel die gesin die belangrikste invloed is: "*Parents do not determine what their adolescents will become ... For all its importance, the family microsystem is not all-determining, and parents cannot always predict the effects of their actions. Peers, the community, the times in which we lives and the temperament of the individual play big roles. Having said all that, we still say that in childhood no other microsystem has greater influence on development than the family*". Die situasie en die probleme van die moderne gesin in 'n gesekulariseerde wêrld speel wel negatief in op hierdie

siening. Daarom sal daar met geduld aan 'n gesinsbedieningsmodel die geleentheid gebied moet word om 'n tuiste binne 'n verworde en verwonde kultuur te vind.

Die kuns vir ouerskap is volgens Martinson en Martinson (1998:67) geleë in die begrippe: bevestiging, konfrontering, opbeuring, leiding, luister en dissiplinering. Kortlik beteken dit dat ouers kinders se teenwoordigheid, belangrikheid, uniekheid en waarde sal aanvaar en bevestig. Nel (1998:109) meen: "Soos wat kinders gawes aan ouers is, is ouers gawes aan kinders. Deur ouers heen word kinders van gelowiges ingelyf in die weg van Jahve met sy mense. ... In die personaliseringsproses van kinders is ouers primêre bemiddelaars van die heil wat deur die Verbondsmiddelaar bewerk is." Volgens Louw (1987:102) word dit vandag algemeen aanvaar dat doeltreffende ouers persone behoort te wees wat hulle geroepe ag om opvoedingswerk te verrig. Die Christen-ouer moet meer duidelikheid verkry oor die betekenis van geroepenheid. Christen-ouers moet probeer om tot begrip van opvoeding as Goddelike opdrag te kom. As opvoeder sal ouers verantwoording moet doen teenoor God teenoor wie die verbondsbelofte afgelê is. Met die wete dat ouers deur God aangespreek word, is die Christen-ouers kennelik bewus van die Goddelike opdrag om op te voed. Dit beteken dat die ouer as geroepene verplig is om toereikende opvoedingskennis te verwerf (vgl Louw 1987:102). As volwasse Christene, erken die ouers God as die oorsprong van alle gesag (Gen.1:1), maar moet ook besef dat hulle in 'n gesagsposisie teenoor hulle kinders geplaas is (vgl Mat 18:11 en Joh 19:10-11). Die Skrif eis van die gelowige om hierdie gesag te erken en te gehoorsaam (1 Pet.2:13) (vgl Louw 1987:102).

Volgens Nel (1998:110) is Senter III korrek wanneer hy sê dat die invloed van jongmense se familie op hul waardesisteem sterker funksioneer as die invloed van die jeugwerker. Benson (1997:52-53 – "Assets as building blocks") bou sy hele betoog vir die opbou van die gesin, gemeente en gemeenskap op die inbou van waardes by kinders. Nel (1998:110) verwys soos De Vries (1994:80) na 'n studie van Merton en Irene Strommen wat onder 8,156 adolessente en 10,467 ouers gedoen is en waar bevind is dat adolessente die persoonlike oortuiging van hul ouers oor die belangrikheid van godsdiens deel. Die meerderheid adolessente sê dat godsdiens een van die belangrikste invloede in hul lewens is. Stoneberg (1998:72) verwys ook na verskillende studies wat aandui dat kinders wie se vaders in lewens betrokke is meer sosiaal bekwaam is, meer deernis vir ander het en kan ook makliker rigting in die lewe kry en met meer volharding probleme oplos. Peters beweer dat die teendeel ook waar is, naamlik dwelmmisbruik en jeugoortredings indien ouers afwesig is: "*The nurturing of fathers often takes the form of providing structure that is consistent and dependable. The nurturing of sons by their fathers appears to be crucial to creating functional adult men with secure masculine identities*".

Van Jaarsveld (1983:15) beweer die invloedrykste teorieë oor die rol van die vader, sien die vader as die gesagsdraer en dat gesag en mag slegs vrees inboesem indien dit nie met liefde gepaard gaan en daardeur versag word nie. Van Jaarsveld verwys na Lynn se verwysing na verskeie ondersoeke wat bevind het dat kinders van outokratiese, streng vaders neig om skolasties swak gemotiveerd te wees. 'n Gebalanseerde uittoefening van gesag deur die vader is belangrik om aan die kind voldoende leiding te gee en frustrasie te verminder. Van Jaarsveld (1983:16) meen: "*Die emosionele verhouding van die vader met sy kind het twee motiveringsbronne: die vader se identifikasie met sy kind en die vader se identifikasie met sy eie vader*".

Alhoewel die postmoderne vader redelik afwesig is, bly hy nog steeds onlosmaaklik verbind aan sy vaderlike opvoedingstaak en verantwoordelikhede. Dit is hierdie vaderbeeld wat die kind gebruik om iets van die hemelse Vader te verstaan. Dit kan die kind se geloofsvorming stimuleer of ernstig benadeel (vgl paragraaf 8.1.2: God as Vader en die vaders van God). Palkovitz (1996:310) meen: “*The past two decades have been characterized by a rapidly expanding focus on fathers and fatherhood in both the social sciences and popular culture*”.

Van Jaarsveld (1983:18) verwys na die moderne tydgeses waarin baie kragte bestaan wat vaderskap nadelig raak: (1) Die vader se afwesigheid en afsydigheid weens beroepseise, (2) fragmentasie van die gesin weens afsonderlike belangstellings, (3) kennisontploffing en die vinnige veranderinge wat plaasvind, (4) veranderinge in die aard van geslagsrolle, die veranderinge in die aard van geslagsrolle weens die vrou se toenemende posisie in die beroepswêreld en onderwys en (5) toenemende egskeidings. Strommen en Hardel (2000:41-42) beweer: “*Fathers thinking they have not succeeded in the work world are especially sensitive to how they are regarded as a parent*”. Skuldgevoelens by vaders moet gehanteer word en vaderskap moet in gesinne herwin word. Dit vereis Bybelse insigte as basis vir vaderskap, alhoewel vaderskap in die postmoderne tyd nie vas gestruktureer is nie (vgl Palkovitz 1996:312-325 se bespreking van verskillende insigte oor vaderskap en rolle van vaders). Palkovitz (1996:324) beweer: “... we are not likely to see major shifts in the conduct of fatherhood until we see broad-based changes in our underlying culture. ... [W]e need much more than a restructuring of what is prescribed as paternal roles, ... [C]hange of a truly significant magnitude occurs only when individual men and women come to an understanding of who they are before God, and in relating to God ... find all other relationships transformed”.

Conradie (1983:20) sê dit word in 'n groot mate erken dat 'n kind binne die eerste vyf jaar van sy lewe meer as 90% leer van wat hy ooit in sy lewe sal leer. In hierdie eerste vyf jaar is dit merendeels die moeder wat die direkte opvoeding hanteer, veral ook die geestelike opvoeding, maar tog speel die vader nog steeds 'n baie belangrike rol as gesagsfiguur. Nel (1998:114) verwys na Strommen wat bevind het dat die meeste kinders en jongmense tog die voorbeeld van hul ouers volg of dit goed of slek is. Strommen en Hardel (2000:48-49) verwys na ondersoeke wat deur Research Institute in 1960 en 1992 gedoen is en die vraag wat aan adolessente gevra is oor waar hulle hulp sou gaan soek. Hul eerste keuse was 'n ouer of voog. Tieners het volgens Strommen en Hardel (2000:50) positief gereageer op 'n video “*Learning the language of faith in the home*” en gesê dat hulle dit ook in hul eie gesinne verlang.

Elke gemeente en ouer behoort deur veral laasgenoemde opmerkings gemotiveer te word tot 'n effektiewe benutting van ouers in jeugbediening. Ouers is deur die verbond van God geroep tot hierdie venootskap. Vader- en moederskap kan alleen teruggevind en teruggewin word binne die verbondskap en verwantskap wat God daar gestel het. 'n Gemeente is die versameling van ouers wat in venootskap as familie van God mekaar dien, gesinne opbou en as verbondsgesinne na die gemeenskap en wêreld uitreik. Wat die tieners vra, is dat aan hulle liefde betoon sal word, dat hulle ernstig opgeneem en geleï sal word deur rolmodelle vir hulle te wees en saam met hulle in die koninkryk diens diens lewer. Hierin moet ouers die leiding neem, want dit is tieners se persoonlike keuse. Een van die belangrikste take wat

ouers het en elkeen wat met kinders werk, is om waardes in hul kinders se lewens in te bou om tot volwassenheid te ontwikkel en selfstandige besluite te neem.

### 7.5.3 Tieners se posisie in die verbondsgesin

**1. Verbondstieners wil die verbondsgemeenskap ervaar:** Tieners wat binne 'n verbondsgesin opgroei, wil ervaar dat hulle deel van God se volk is. Van geboorte af bestaan die behoefté om te behoort en deel te wees van 'n intieme gemeenskap. Binne hierdie verbondsgemeenskap is dit die ouers wat as volwasse lede van die verbondsgemeenskap leiding gee. Die tiener wil beleef hoe die Bybel sy daaglikse lewe raak en keuses gemaak word vir die korrekte verhouding met God.

**2. Ouers kán vir hul tieners verbondsouers wees:** Die meeste ouers is onder normale omstandighede daartoe instaat om saam met hul kinders die mees basiese behoeftes in die gesin te hanteer. Ons voorgeslagte het dit gedoen, soms onder moeiliker omstandighede en met minder hulpmiddels en toerusting. Hyde (1991:139) sê: "*Parental religious values have a strong bearing on adolescent church attitudes. They are far more important than socio-economic factors, the type of school attended, the years of formal religious training, either in Sunday school or parochial school, or religious education programs*". Benson (1997:180) meen: "*The asset-building framework reminds parents of the bottom line in their childrearing*".

**3. Verbondstieners soek na 'n geloofslewe:** Tieners word geken aan die soeke, bevraagtekening, ondersoek en verbintenis aangaan ten opsigte van geloof en lewe. Geloof word 'n werkwoord en 'n besitting. Fases van refleksie, verwerping, twyfel en kritiese evaluering kom voor en moet in terme van die redelikheid van geloof hanteer word. Dit is 'n tyd van vinnige verandering, herrangskikking van wêreldbeskouinge en bekering. Daar kan derhalwe van gepersonaliseerde geloof in vroeë adolessensie gepraat word. Davies (1991:17) sê: "*The simples and most common ways to measure adolescent religiousness are the level of interest/importance the teenagers attaches to religion and the frequency of attendance at worship*". Eersgenoemde het met 'n ingesteldheid teenoor God en geloof te doen en laasgenoemde met die aktiwiteite van die spesifieke gemeente.

**4. Die morele en godsdiestige ontwikkeling van die verbondstieners:** Adolessensie is volgens Jensen (1985) 'n tydperk wat gekenmerk word deur 'n intense belangstelling in die onderskeidings tussen reg en verkeerd. Nuwe kragte van morele beredenering raak in hierdie fase werksaam. Gedurende die tienerjare speel morele waardes en godsdiestige ontwikkeling 'n sentrale rol in die persoonlikheidsontplooiing en Louw (1989:92) meen dat dit moeilik van seksualiteit en liggaamsbelewing losgemaak kan word: "*Die kind het nie net 'n liggaam nie, hy is sy liggaam*". Janssen (2003:18) meen dat kennis vir jongmense nodig is, maar vir geestelike ontwikkeling is dit buitengewoon belangrik dat daar 'n persoonlike verhouding tussen hulle en volwassenes, byvoorbeeld ouerlinge en predikante sal bestaan. Preto (1999:282) beweer: "*Recent studies find that teenagers who feel close to their families were the least likely to engage in any of the risky behaviors, that were studied, which included smoking marijuana or cigarettes, drinking, and having sex, ...*". Ouers moet hieruit aflei dat hul kinders se morele en godsdiestige ontwikkeling as verbondskinders in die eerste plek in die sentrum van die verbondsgesin plaasvind.

**5. Verbondstiener vasgevang tussen twee lewensfases van geloofsvorming:**

Tieners kan soms optree asof hulle kleuters is en soms soos volwassenes. Dit kan volwassenes oneindig frustreer. Dit lyk of tieners tussen die kinder- en volwasselewe vasgevang word. Hulle het kinderbehoeftes maar ook die behoefté aan volwassenheid wat vir bevrediging vra. Daarom is dit ouers se plig om te wete te kom wat die primêre behoeftes van tieners is en hoe om dit tussen hierdie twee pole van behoeftes aan te spreek om hulle tot Christelike volwassenheid te lei. De Vries (1994:132) sê: “*Teenagers have a paradoxical task in faith development. On the one hand, they need continuity with tradition, a faith community to be nurtured in. But on the other hand, they need to step away from their inherited tradition and develop a faith of their own .... These two tasks often seem to work against each other. But unless we address both of these needs, our youth ministries will be limited in their longterm effectiveness*”. Preto (1999:274) met verwysing na tieners se sosiale konteks en die ontwikkeling van ‘n geslagsidentiteit vereis ‘n verandering van die gesinsisteem gedurende adolesensie om die adolescent van kindwees na volwassenheid te lei. Gedurende hierdie tydperk speel rituele ‘n uiters belangrike rol (vgl Imber Black 1999:204-205 – “*Contemporary life cycle transitions*”).

**6. Verbondstiener en kerklike aktiwiteite:** Dit sou nie heeltemal korrek wees om te beweer dat kinders na nagklubs gaan omdat hulle dit bo kerklike byeenkomste verkieks nie. Die kerklike ontmoetingspunte het so afgekoel, dat tieners daar koud kry. Pieterse (1988:18) verwys na Firet wat sê dat mense nie meer die lewendige gebeure van ‘n ontmoeting met Christus in die handelinge van die kerk ervaar nie. Burns (1988:124) meen dat jeug jeuggroepe bywoon omdat hulle daar liefde ontvang en aanvaar word.: “*The majority of students came because of a sense of community*”. Die verbondstiener wil in ‘n verbondenheid met oud en jonk by verskillende en ook afsonderlike geleenthede die verbondsgemeenskap ervaar. Dit kan geestelike sosialisering in die verbondsgemeenskap genoem word.

**7. Geestelike sosialisering:** Tieners hou van sosiale byeenkomste. Burns (1988:124) sê: “*Religious socialization consists of the accumulated experiences that bring the students to the exact place they are in their spiritual life. Religious socialization is accomplished through family, friends, church, community, and other shared experiences*”. Die vroeë Christene het samekomste gereël wat bestaan het uit gebed, gemeenskap, kos, onderrig, erediens en diens (vgl Hand 2:42). Dit bevat die basiese elemente vir tieners se behoeftes. Die doel met jeugbediening is om innige gemeenskap met God en met mekaar te beoefen. Dit gaan dus nie maar net om die jongmens se geestelike behoeftes by ‘n jeugbeweging nie, maar om al hul behoeftes. Burns (1988:125) sê: “*Good religious socialization in youth ministry is developing a whole-person approach. In order for a person to be growing spiritually he must be dealing with other areas of his life as well. A good youth group will have a healthy balance of physical, mental, social, emotional, and spiritual activities*”. Vrae wat gevra moet word by die organiseer van jeugwerk, is: (1) Is daar ware gemeenskap en ondersteuning in die jeuggroep? (2) Word die totale persoon bedien? (3) Wat kan gedoen word om ‘n dieper verbintenis tot gemeenskap binne die groep te bevorder? (Vgl ook die betekenis van die begrip “*edutainment*” wat Hebbard (1995:186) gebruik – paragraaf 9.4.9 (4))

**8. Kontekste vir sosialisering:** Louw (1989:91) meen: “*Die gesin is die kleinste sosiale eenheid waar gesonde en konstruktiewe medemenslikheidsverhoudinge geskep kan word*”. Brannen (1999:156-157) verwys na drie paradigmas ten opsigte van die sosialisering van kinders: (1) binne gesinne, (2) binne organisasies of ander institusionele instellings en (3) die kinders as 'n sosiale kategorie wat geïndividualiseerde sosiale akteurs is en hul eie identiteit vorm. Brannen sê (1999:157): “*Childhood needs to be understood in relation to all three paradigms and in relation to the interplay between children's agency, adults' obligations to children, and the contexts and constraints of adult- and child-dominated institutions*”. In die verhoudings met jouself en met ander en veral in spesifieke groepe, word 'n persoonlike identiteit gevorm. Hart (2000:312) sê: “*We each identify with many such smaller communities: the nuclear family, the tribe, a football club, a political party, the church, some professional guild, or whatever*”. Sell (1995:45) verwys ook na die gesin as die belangrikste konteks in die sosialiseringsproses: “*Though school teachers and day care personnel contribute to this socialization process, the family is still the major player in this process. If the home fails its children, it fails society*”. Hierdie uitspraak verwys na die kern van hierdie navorsing om deur middel tieners en hul ouers die gemeenskap met Christelike waardes op te bou.

**9. Modelle vir verhoudingsbou:** (Vgl Deut 6:7 en die beskouing van Den Dulk (1998:205) in paragraaf 6.8.4). Burns (1988:126) sê dat daar 'n groot aantal modelle is om verhoudings onder jongmense te bou, maar die model wat goed werk, is die van Lyman Coleman. Hierdie model bestaan uit 'n proses wat begin deur eenvoudige dinge met mekaar te deel en wat groei na 'n persoonlike verstaan van mekaar en wedersydse vertroue in mekaar. Daar moet geleentheid geskep word om die lewensgeskiedenis met mekaar te deel (vgl Marais en andere (2001) – Sewe familiegewoontes wat geloof laat groei in paragraaf 6.11.2) Daar moet 'n gevoel van sekerheid en warmte bestaan. As kinders gemaklik en aanvaarbaar voel, sal hulle werklik begin oopmaak. Dit lei jongmense daartoe om dieper sake met mekaar te deel. Dit is wanneer die vertroue so ver ontwikkel het dat die seer, vreugde, frustrasies, geloof en selfs twyfel met mekaar gedeel kan word wat soms baie tyd kan neem.

**10. Minder programmering en meer intensionele hulp:** Benson (1997:92-93) meen een van die kritiese kulturele skuiwe wat gemaak moet word by jeugbediening is van program-georiënteerdheid na verhoudingsgeoriënteerdheid waar wysheid oorgedra word “*...through wisdom modeled, articulated, practised by adults with children around them*”. In die paradigma in diagram 1: ‘*n Paradigverandering van teorie na praktyk en van gemeente na gesin en gemeenskap*’, word verwys na die beklemtoning van persone en prosesse teenoor programme. Daarmee word bedoel dat daar met versigtigheid geprogrammeer sal word en dat jongmense nie sal voel dat hulle eerder deel is van 'n program as van 'n groep nie. Dit sal hulle wegdryf van sulke aktiwiteite. De Vries (1994:138) sê: “*What is needed is a ministry that touches every teenager we are responsible for, .... This kind of ministry will focus less on programming and more on intentionally helping young people build connections with mature Christian adults in the church*”. Tieners moet ook die geleentheid kry om die uiterstes in die volwasse lewe te ervaar vanweë verskillende omstandighede – die wat 'n gebalanseerde Christelike lewenstyl handhaaf en die wat op straat beland het. Dit is tussen hierdie twee pole waar tieners hulself dikwels op emosionele vlak

bevind. Tieners moet na die noodydendes van die samelewing geneem word om daar tot intensionele diensbaarheid gelei te word.

**11. Geloofs bemiddeling met 'n gemeenskapsgerigtheid:** Met 'n gemeenskapsgerigtheid in geloofs bemiddeling aan tieners, kom die geestelike leiers in kontak met al die geestelike komponente waarmee tieners soms reeds in kontak is. Binne hierdie gemeenskaplike gerigtheid bestaan ideale geleenthede om nie net tieners, ouers en hul gemeente betrokke te kry nie, maar om ook rondom 'n gemeenskaplike belang te verenig. In Suid-Afrika en in ander geteisterde lande of gebiede soos Zimbabwe en die Midde-Ooste is die tyd nou ryper as ooit voorheen om projekte in die samelewing te loots om mense wat al hoe armer word te ondersteun. Dit is nou die geleentheid vir geloofsvorming en uitleef van geloof in die noodsituasies van die gemeenskap. Wat nodig is, is om 'n model te ontwikkel wat holisties na hierdie hele bemiddelingsproses te kyk. Hendriks (1988:4) meen: "*De relatie kerk-samenleving, of meer toegespitst: kerk-politiek, is opnieuw in diskussie. De rust die, althans in Nederland, decennia lang op dit 'front' heeft bestaan, maakte plaats voor onrust*". Hierdie onrus word in Suid-Afrika intens beleef en dit sou fataal wees om die tieners in hierdie situasie van hierdie onrus weg te probeer hou as hulle gelei en toegerus moet word om die onrus te hanteer.

#### 7.5.4 Grootouers se posisie in die verbondsgesin

Omdat hierdie navorsing die bemiddeling van geloof deur middel van simbole insluit, word kortlik na grootouers verwys wat sekere waardes vir kinders versimboliseer. Die bewerige handskrif op 'n verjaardagkaartjie vertel meer as die woorde wat neergeskryf is of uitgespreek word. Dit praat van 'n simbool of voorbeeld van wat die tiener in hierdie wêreld tussen sy vriende en ander in die gemeenskap moet uitbeeld. 'n Model vir gesinsbediening sou dus onvolledig wees as die rol van grootouers nie ter sprake kom nie. Grootouers se rol word direk geraak deur die drastiese veranderinge wat in die gesin plaasgevind het. Anderson (1998:83) sê: "*In our contemporary society the mold for grandparenthood has been broken. Grandparents today are, on average, younger, more mobile, more active, and less involved in the day-to-day activities of their adult children and grandchildren*". Verder het geografiese verskuiwings tussen platteland en stedelike gebiede, egskeidings en wetenskaplike teorieë oor opvoeding daartoe aanleiding gegee dat grootouers tans minder betrokke by gesinne is.

Anderson (1998:85-86) sê: "*What children need today are family icons, not cultural heroes*". Anderson verwys na die gebruikersvriendelike ikone van 'n rekenaar om die begrip gesensikone ten opsigte van grootouers te verduidelik. Anderson sê grootouers kan basies op dieselfde manier die verborge wysheid van die lewe gebruikersvriendelik maak.: "*Grandparents are the nearest that a child comes to experiencing a reality that stands outside of their daily life and yet is approachable and familiar. Parents are bound into the child's small world as extensions of the child's needs for survival and security. Grandparents move back and forth across that boundary, shedding their light upon the family and, at the same time, providing for the child a luminous icon extending into the past and pointing to the future*". Grootouers sien nie die afstand tussen hul eie kinderlewe en dié van hul kleinkinders, tieners ingesluit, as 'n probleem nie. Hierdie ingesteldheid van grootouers voorkom dat tieners heeltemal kan wegbrek van die tradisionele invloede.

Toe Paulus Timoteus bemoedig het, het hy na Timoteus se geloof verwys wat ook in sy ouma en moeder was: “*Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is*” (2 Tim 1:5). Deur die geloof van sy ouma moet Timoteus se geloof geïnspireer en bemoedig word. Anderson (1998:85) sê: “*Grandparents perform an important task because they are a repository of values and beliefs; they are living symbols of family continuity and stability; they are a source of unconditional love and acceptance; and they are mentors in the task of facing life and death with courage and faith*”. Grootouers het 'n belangrike taak as simbole, maar om dit wat hulle versimboliseer ook te ritualiseer en veral op 'n wyse dat hul kleinkinders daaraan kan deelneem. Anderson (1998:87) sê: “*This is a lifelong task. The benefits begin immediately, and the rewards accrue to the generations that follow*”.

Die ervaring van grootouers se geestelike insette is soms van meer waarde as 'n diskussie oor geloofsbeleid of die ontwikkeling van waardes of programme. Geestelike waardes wat oor 'n lang tydperk konsekwent ingebou word en standvastigheid meebring, vind in verhoudings, gebeurtenisse of prosesse plaas. Woorde speel wel 'n rol, maar geloofshandelinge, soos die van Christen-grootouers, tref soms dieper en is dus meer blywend as doelbewuste gesprekke oor waardes.

## 7.6 Die postmoderne gesin

Müller (1996:56-57) meen: “*Tans is dit asof ons in Suid-Afrika deur die ‘rapids’ beweeg en die postmodernisme plaas ongekende druk op alle sisteme, maar in besonder op die gesinssteem*”. Volgens Schulze (1998:10) word die term postmodernisme algemeen gebruik om die geestesklimaat van die hedendaagse Westerse kultuur te tipeer. Schulze (1998:12) sê dat dié term reeds in 1870 vir die eerste keer gebruik is en het sedertdien al verskillende betekenis gehad wat die definieëring daarvan bemoeilik. Volgens Schulze (1998:13) is daar oor enkele aspekte van postmodernisme eenstemmigheid: “... dat dit hoort tot die Westerse kultuur; dat dit die veelheid van kulture in die ‘global village’ erken, en dat dit gevvolglik die konteksgebonden en subjektiewe karakter van oordele (ook wetenskaplike oordele) handhaaf ...”. Met verwysing na die Poolse sosioloog Zygmunt Bauman sê Koopman en Vosloo (2002:28) kan postmodernisme verskillende dinge vir verskillende mense beteken. Koopman en Vosloo (2002:29-30) noem 'n paar vereenvoudigde stellings oor wat die postmoderne lewenshouding kenmerk, wat van hulp is om die postmoderne gesin te probeer beskryf: 'n verlies aan kultuuroptimisme en 'n skeptisme teenoor vooruitgang; klem op verweefdheid en netwerke; 'n groeiende agterdog teenoor kennis; bepleit 'n breër raamwerk van rasionaliteit; reproduksie en die eklektiese gebruik van woorde en beelde en 'n groeiende agterdog teenoor die subjek-objek-skeiding van die Verligting. Koopman en Vosloo (2002:30) verwys na Jean-Francois Lyotard se werk *The postmodern condition* waarin hy van “*the death of master-narratives*” praat. Oor die postmoderne lewensgevoel sê Koopman en Vosloo (2002:31) met verwysing na Zygmunt Bauman se gebruik van die metafoor van die pelgrim om verhelderend oor modernisme en postmodernisme te praat: “*Die lewe word eerder ervaar as 'n woestyn, waar voetspore gou weer toegegewaai word. Dit word moeilik om te onderskei of jy vorentoe marsjeer en of jy eindeloos in sirkels beweeg*”. Müller (2002:19) meen dat “postmodern” nie net op 'n nuwe tydvak dui nie, maar van 'n totale

paradigverskuiwing spreek: “Hierdie begrip verwys na ‘n kentering in lewensbeskouing en wetenskap .... ... Die optimistiese hoop en positiewe lewensgevoel van die modernisme het nie aan die verwagtings voldoen nie. Postmodernisme bestaan uit ‘n diepgevoelde wantroue in die sogenaamde objektiewe waarhede as hoop vir die samelewings”. Daarom is daar tans ‘n nuwe soek na waarheid in die Bybel en ander godsdiens – ‘n soort waarheid wat vir die persoonlike lewe sin maak en werk.

Die tradisionele nukleêre gesin is nie besig om heeltemal te verdwyn nie, maar die invloed wat dit het is besig om drasties af te neem. Die postmoderne gesin word eerder deur publieke as godsdienstige norme gedryf. Diversiteit is eerder die reël as univormigheid. Die fisies en psigies afwesige pa en ma is ‘n algemene verskynsel. Gesinne is delikate sisteme en breek maklik as die omgee en koesterung nie na wense is nie. Die postmoderne gemeenskap as invloedsfeer van die gesin is in baie gevalle nie gesinsvriendelik nie. In hierdie verwording of verwonding van gesinne, het die persepsie van ‘n normale gesinsverhouding of gesinskoesterung vervaag en word die abnormalle vir normaal aangesien soos lugspieëlings in ‘n woestyn. Die veranderinge wat binne gesinne plaasvind weens politieke en ekonomiese invloede kan nie werklik deur gesinne self gestuit word nie. Dit moet op die een of ander wyse gehanteer word. Stilswyend loop gesinslede by mekaar verby met ‘n hele klomp emosies sonder om dit werklik tot uiting te bring. Koopman en Vosloo (2002:32) verwys na ‘n veelseggende aanhaling wat Bauman van Rilke maak in sy boek *“Life in fragments”*: “*The story of shattered life can be told only in bits and pieces*”. Die probleem vir gesinsbediening is geleë in die byeenbring of restrukturering van hierdie “bits and pieces”.

### **7.6.1 Die postmoderne gesin as restrukturerende gesin**

Peters (1996:5) verwys na Popenoe se navorsing in ‘n hele aantal vooruitstrewende moderne gemeenskappe in Swede en die Verenigde State. In hierdie ondersoek is die hoofsaaklike bevinding dat die tradisionele gesin in industriële gebiede, wat uit ‘n huwelik tussen man en vrou van baie jare met kinders bestaan en waar die man die primêre broodwinner is, skielik vervang is deur ‘n post-nukleêre sisteem of nie-sisteem. Peters (1996:5) beweer: “*The difference between decline and disappearance is enormous, and Popenoe wants to say that the decline of the traditional nuclear family in no way indicates that it will disappear completely. Rather, he believes that its influence is waning while modern societies engage in the ongoing process of restructuring themselves*”.

### **7.6.2 Godsbeskouing in die postmoderne gesin**

In hoofstuk 6, paragraaf 6.1, is reeds verwys na navorsing wat in Suid-Afrika onder tieners gedoen is oor hul beskouing van Jesus Christus. Godsbeskouing kry gestalte deur wat van God gesien, gehoor en ervaar word. Daarom kan in die postmoderne tyd met drastiese kulturele veranderinge en invloede vanuit ekonomiese en politieke oorde ook ‘n verandering in ‘n Godsbeskouing verwag word. Dit word deeglik bespreek in die twee volumes onder die gemeenskaplike titel: “*God and globalization*” onder redaksie van Stackhouse en Paris (2000) en Stackhouse en Browning (2001).

Ten aanvang van 'n bespreking oor hoe die moderne mens God beskou, moet die wesenlike verandering van die mens self aan die orde gestel word, naamlik hoe dink die mens en wat het sy denke beïnvloed. Binne 'n multikulturele samelewing met 'n radikale diversiteit moet uiteenlopende denkrigtings en religieuse uitdrukksvorme verwag word (vgl Tracy 2000:243-245 in paragraaf 4.1). Om die beskouinge oor God te ondersoek word dus gekyk na die deelname van die mensdom in die kosmos en Christelike geloof in verhouding met God soos onderskei deur godsdiens as manifestasie en godsdiens as proklamasie (vgl Tracy 2000:243). Huidiglik wil dit voorkom of daar, as gevolg van die dramatiese ontwikkeling van die tegnologie en gepaardgaande wêreld-ekonomiese 'n "verwydering" tussen skepsel en Skepper plaasgevind het en die Godsbeskouing ernstig geraak het. *"God withdrew from the synthesis into even greater transcendence and hiddenness. The self was largely deprived (in secular culture) of its former states as microcosmos and with only vague memories of its reality as imago Dei"* (Tracy 2000:247).

Elke gesin word oorstrom van invloede en beginsels uit verskillende oorde. Dit beïnvloed nie alleen die gesinslede se godsbeskouing nie, maar ook hoe die gesin volgens hierdie verskillende beginsels op "koers" gehou word. Hierdie vermenging van sekulêre en godsdiestige beginsels bring verwijdering tussen gesinslede en God en dit verdoof die Bybelse beeld van die gesin en die beeld van God in die individu.

In 'n ondersoek wat onder 538 graad 11 leerders in Suid-Afrika in Johannesburg en Pretoria gedoen is oor die beskouing van Jesus Christus, is die volgende bevind: "... factor analysis confirmed the first three attitudes towards Jesus – the neo-orthodox, the dialectical and the liberation-theological attitudes. An interesting finding, however, was a combination of the liberal-theological, the secular-theological and the Jesuological attitudes in a single image of Jesus which we can sum up as ebionitism" (Pieterse, Dreyer en Van der Ven 1999:82). Ebionitism dra die denkbeeld dat Jesus 'n gewone man was wat daartoe in staat was om die funksie van 'n verlosser te kon vervul. Dosetisme dra weer die denkbeeld dat Jesus nie werlik mens was nie, maar werlik God. Hierdie navorsing toon aan dat daar 'n verskeidenheid sieninge in die gedagtes van die jeug ten opsigte van Jesus Christus is.

Die vraag waarmee die praktiese teologie onder andere worstel in terme van belangrike paradigmaskuiwe in die afgelope dekades, wat te doen het met die eise van die hoof rolspelers in die postmoderniteit, naamlik ekonomie, tegnologie en telekommunikasie, is: "... how do these affect spiritually, i.e. our human endeavor to come to terms with the meaning issue, the significance of our life, and appropriate interpretations of God (God-images) in terms of contemporary life issues?" (Louw 2002:339).

Om dus met geloofsbemiddeling veral aan tieners besig te wees, vereis nie bloot enkele regstellings soos die benutting van simbole en rituele of projekte in die gemeenskap nie, maar 'n bewustheid van die fundamentele Godsbeskouing in die postmoderne gesin. Tiener- en gesinsbediening kan allerminds bloot met regstellende aksies besig wees deur nuwe programme en modelle uit te dink. Daarom moet die diversiteit en Godsbeskouing in die postmoderne gesin ondersoek word vir 'n meer relevante geloofsbemiddelingsproses. In tye van onsekerheid, soos in baie wêreldele en ook in Suid-Afrika, al is dit soms onder 'n beperkte deel van die

bevolking, is daar 'n nuwe behoefte aan verdiepte spiritualiteit en die ervaring van God as Immanuel.

### 7.6.3 Diversiteit in die postmoderne gesin

Dit is moeilik om van 'n tipiese gesin in die postmoderne tyd te praat. Die werk van Demo en ander (2000) "Handbook of family diversity" lewer 'n deeglike bydrae oor die diversiteit in die gesin. Allen en ander (2000:3) beweer diversiteit in gesinne kan met verskillende invalshoeke benader word, byvoorbeeld struktureel, sosio-ekonomies of prosesmatig soos intergeslagtelike verhoudings, huweliksverbintenisse en ouerlike gedrag: "... we chose to be sensitive to the three major dimensions of social stratification that have been identified in the literature – race, socioeconomic status, and gender". Die gesinstruktuur word breedweg gedefinieer in terme van huwelikstatus, seksuele oriëntasie en ouderdom. Coon (2000:28) meen: "... no one family form or arrangement can be understood or evaluated outside its particular socioeconomic context and relations with other families". Vir die navorsing oor tiener- en gesinsbediening binne 'n gemeenskap is hierdie gedagte van belang om 'n model te formuleer wat die sosio-ekonomiese konteks in berekening hou. Teachman (2000:33) sê: "I believe that the changing economic basis of family life and the changes implied for the roles of men and women have altered the processes by which families form and dissolve". In die Suid-Afrikaanse konteks het hierdie veranderende ekonomiese basies gesinne reeds in vele opsigte nadelig geraak, veral wat rolle in gesinne rondom die generering van 'n inkomste betref. Osmer (2001:41-42) beweer: "A research has documented repeatedly, increasingly large numbers of young people, leaving their villages to live in overcrowded cities which offer them limited prospects of meaningful participation in the global economy, are prime candidates for fundamentalistic religion and revolutionary ideology".

As gevolg van die groot hoeveelheid egskeidings en omdat baie na egskeiding enkel bly, is daar baie enkellopendes en word enkelouer huishoudings 'n meer alledaagse verskynsel. Al hoe meer vroue werk buite die huis en baie van hulle is moeders. Baie is deeltydse workers of verdien 'n inkomste vanuit die huis (vgl Sell 1995:26-27). Al hoe meer paartjies woon saam en is betrokke in 'n buitehuwelikse seksuele lewe. In Amerika is daar volgens die 1990 sensus drie miljoen paartjies wat saamwoon. Dit is ongeveer vyf keer meer as die syfer in 1970. Hulle verteenwoordig 3% van die Amerikaanse huisgesinne. Saamwoon is 'n ander vorm van die gesin en vind om verskillende redes plaas. Paartjies leef in 'n verhoudingsfase, maar het nie eintlik die voorneme om in die huwelik te tree nie. Sommige lewe permanent saam as 'n alternatief vir die huwelik en ander gebruik saamwoon as 'n eksperimentele tyd om te kyk of die huwelik sal werk.

Wat die ouer-kind-verhouding in hierdie diversiteit in gesinne betref, beweer Peterson (2000:98): "Research on how gender defines the meaning, structure, and interactions in parent-child relationships involves a mixture of traditional and more recent conceptions". Peterson (2000:100) is van mening dat toekomstige navorsing oor ouer-kind-verhoudings 'n meer diverse empiriese en metodologiese strategieë vereis as wat tans beskikbaar is. Die model wat in hierdie navorsing ontwikkel word, wil die ouer-kind-verhouding ontwikkel deur betrokkenheid in die gesin, gemeente en gemeenskap en om weg te breek van 'n neiging om in 'n individualistiese leefwyse op te gaan. "... the Christian family should not be a haven of private separation from

*outsiders. Rodney Clapp rejects the public-private split typical of the modern bourgeois family, described as a ‘haven in a heartless world’”* (Post 1998:23).

#### 7.6.4 Die postmoderne ouer

Alhoewel daar reeds deurgaans in hierdie navorsing vele opmerkings oor die postmoderne ouer gemaak is, word enkele kenmerke hier saamgevat. Om iets van die postmoderne ouer te verstaan, moet daar na die situasie in gesinne en die hantering daarvan gekyk word soos in die voorafgaande paragraaf reeds bespreek is. Die algemene beeld van ouers en die gesin as sisteem vir geloofsbemiddeling is redelik negatief. Hierdie beskouing van die ouer moet binne die konteks van 'n postmoderne samelewing verstaan word wat multikultureel saamgestel is met 'n verskeidenheid stelle waardes wat verwarrend kan wees en tot individuele keuses en die najaag van selfvervulling lei, die wenmotief beklemtoon en ook tot prestasiedruk en egskeiding lei (vgl Hendriks 1992:96 en Peters 1996:5). Hierdie beeld van die postmoderne ouer het gelukkig nie die potensiaal van ouerskap en geroepenheid deur God om ouers te wees totaal beëindig nie. Waar ouers gehelp word om waardes by hul kinders te bou, hoor 'n mens ouers die volgende sê: “*My kids have assets. We are building on strengths*” (Benson 1997:181).

Die mees opvallende kenmerk van die postmoderne ouer, is dat daar minder betrokkenheid by hul kinders se geestelike opvoeding is en dat daar oor die algemeen ook minder kontak met hul kinders is (vgl Benson 1997:2-3). In die VSA is reeds in 1980 aangedui dat 64% van die gesinne nooit meer huisgodsdienst hou nie (Strommen en Hardel 2000:14). Ouers is ook minder toegerus om kinders se opvoeding waar te neem (vgl Strommen en Hardel 2000:97-98). Dit het egter ook te doen met goedbedoelde instellings van die kerk soos kategese en jeugaksies wat by die ouers die indruk geskep het dat ander persone meer bekwaan is om hul kinders se geestelike opvoeding waar te neem.

Die postmoderne pa is beslis 'n meer afwesige pa as moontlik ooit voorheen. Daarom is daar minder geleentheid om met sy kinders te verkeer. Daar is verskillende redes waarom die pa meer afwesig is. Lamb (1995:148) meen om sake wat met afwesige vaders te doen het met mekaar in verband te bring, moet twee sake aangespreek word: (1) die verskille tussen kinderopvoeding met 'n teenwoordige pa en opvoeding in die afwesigheid van 'n pa en (2) groepsverskille tussen byvoorbeeld 'n 100 seuns wat sonder 'n pa opgegroei het en 'n 100 seuns wat met 'n pa opgegroei het, beteken nie dat alle kinders wat sonder 'n pa opgegroei het, probleme sal ontwikkel nie. Om van 'n psigies-afwesige pa te praat, maak die saak meer kompleks. Dit is 'n pa wat wel sorg vir die ekonomiese aspekte van die gesin, maar nie werklik 'n verhouding met sy kind het nie en gevvolglik nie 'n goeie identifikasiefiguur is nie. So 'n pa toon nie die nodige liefde, besorgdheid, belangstelling of ondersteuning aan sy kind nie. Talle byeenkomste in die huishouding geskied voor die televisie sonder noemenswaardige kommunikasie met mekaar (vgl Strydom 1995). As gevolg van veranderinge in geslagsrolle voel die vader bedreig en is sy selfbeeld besig om te kwyn en sy eiewaarde daal. Die probleem by die manlike geslag lê dus sterk op die vlak van die versorging van sy kinders (vgl Peters 1996:19-20) en veral met 'n roverskuiwing van vaderskap na egskeiding (Smart 2000:100).

Dit blyk ongelukkig so te wees dat die roloverandering by die vaders of mans vinniger plaasvind as by vrouens. Rolverwarring en rolonsekerheid kom algemeen voor en dit gaan gepaard met 'n streve na mag by beide man en vrou (vgl Sell 1995:43). Ouers lewe onder meer psigiese druk wat gekoppel kan word aan ekonomiese druk en algemene veranderinge in die samelewning (vgl Raubenheimer 1997:52-53). Ouers het slagoffers van hul eie skedule geword (vgl De Vries 1994:93) en in die proses ook disfunksioneel (vgl Hall 1994:15 en Sell 1995:47). Dit laat die postmoderne ouer met 'n skuldkompleks (vgl Sell 1995:46), 'n magtelose gevoel en onsekerheid (vgl De Villiers 1996:27). Dit dui op 'n spanningsvolle situasie by postmoderne ouers vanweë politieke situasies en verwarring (vgl Elshtain 1990:260). Dit val dus nie vreemd op die oor as daar dus van onstabiliteit by die postmoderne ouer gepraat word nie en dat daar dus meer egskeidings sal plaasvind wat tot 'n toename in enkelouergesinne en saamgestelde gesinne lei nie (vgl Spruijt, De Goede en Van der Valk 1999:86 en Van Leeuwen 2000:204).

Isolasie van gesinne en 'n algemene individualistiese geneigdheid wek kommer. Pretorius (1987:22) het reeds vyfien jaar gelede aangedui dat gesinne al hoe meer van die uitgebreide gesinne geïsoleerd raak. Individualisme het direk te make met gemeenskapsveranderinge en migrasie (vgl Latten 1999:25).

### 7.6.5 Die millennium-generasie

Vir oriëntering word die kultuurverskuiwing in die afgelope 70 jaar hier kortlik bespreek deur dit in vier fases van ongeveer 18 jaar elk in te deel en 'n benaming aan die jongmense van daardie tydperke te gee (vgl Celek en Zander 1996:20): "Boosters" of ook "Builders" genoem, is gewortel in die tradisie: 1925-44; "Baby Boomers" gewortel in wat geag kan word: 1945-64; "Baby Busters" of ook generasie X wat na integriteit in godsdiens soek met 'n meer verdraagsaamheid teenoor ander godsdiens: 1965-80 en "Blasters" of Y-generasie by wie dissipline en geregtigheid van waarde is, is vanaf 1981 gebore. Brink en Brink (1999:19) noem hulle ook die millennium-generasie wat tussen 1980 en 2000 gebore is. Hierdie generasie gaan verbintenis aan met organisasies wat betekenisvolle gemeenskap en verhoudings aanmoedig. Gemeenskapsbeoefening weeg die swaarste en moraliteit miskien die swakste. Hulle hou van keuses en variasie. Grootte of volume is nie werklik ter sake nie. Hulle glo basies net in hulself en niks skok hulle werklik nie. Hulle is ingestel op groepsang en is stad- en gemeenskapsgeoriënteerd. In Suid-Afrika is daar reeds talle jongmense wat aanmeld vir gemeenskapsdiens (vgl Codrington en Robinson 2000: [www.tomorrowtoday.biz/generations](http://www.tomorrowtoday.biz/generations)). Hierdie kultuurverskuiwing in fases van ongeveer 18 jaar beteken dat die jeugbediening tans besig is om uit die millennium-generasie-era te beweeg. Vir hierdie navorsing word die informasie van die millennium-generasie gebruik, omdat dit op die huidige tieners betrekking het.

Om geloof aan die millennium-generasie te bemiddel, vra 'n deeglike kennis van hoe hierdie generasie dink en wat hul verwysingsraamwerk behels.

**1. Generasiegaping is eerder 'n kulturele gaping:** Na my mening het die term "generasiegaping" 'n maklike kapstok geword waaraan die spanning en ongelukkigheid tussen ouer en tiener opgehang kan word. Die spreekwoordelike generasiegaping is nie toe te skryf aan blote ouderdomsverskille tussen geslagte nie, maar eerder aan kulturele verskille tussen verskillende geslagte. Koteskey (1991:42)

sê: "Adolescence has been invented by our culture and handed to us. Although it has created problems of identity, sexuality, and work, these problems are not insurmountable. Youth ministers can help adolescents understand that the problems are not with teens but with their culture". McDowell (2000:XII) sê dat daar miskien in die geskiedenis geen generasie was wat in so 'n kort tydjie sulke skielike en ekstensiewe veranderinge gesien het as die huidige adolescense nie. McDowell (2000:XIII) verwys na George Barna wat van mening is dat die gaping tussen ouers en tieners in die afgelope jare wyer geword het. Die omvang van die generasiegaping stel 'n uitdaging aan die rol wat ouers in die sosialisering van hul kinders speel. Nie alleen behoort ouers 'n sosialiseringseffek op hul tieners te hê nie, maar behoort tieners ook 'n sosialiserende invloed op hul ouers te hê - die sogenaamde trurat sosialisering.

Strydom (1995:53) verwys na Oswald en Süss wat meen dat konflik met ouers nie noodwendig 'n negatiewe uitwerking op die gedrag en ontwikkeling van die adolescent het nie indien dit wel saamval met ondersteuning, vertroue en nabyheid. Depoortere (1994:46) beweer na aanleiding van resente navorsing: "... jongeren verschillen wel van elkaar, maar ze verschillen helemaal niet zo opvallend van hun respectievelijke ouders. Er lijken vandaag vrij weinig generatiekloven te bestaan". Depoortere (1994:46) sê dat jongmense nie hiermee sal saamstem nie, maar uiteindelik gaan dit fundamenteel om dieselfde gevoelighede en waardesisteem binne 'n gesin. Depoortere (1994:46) verwys na Cromphout wat van mening is: "... dat jongeren zich vandaag meestal vrij goed voelen thuis: ze appreëriëren de ongedwongen sfeer, de kans tot praten; sommigen waarderen zelfs enige gezonde strengheid". Dit sal tieners eerder vir iemand anders as vir hulle ouers self sê.

Reischman en Reischman (2002:[www.tacf.org/stf/1-6article1.html](http://www.tacf.org/stf/1-6article1.html)) verwys na Paulus se optrede om die inwoners van Atene te bereik (Hand 17:16-32). Paulus het die kennis van hulle gedagtegang en kultuur gebruik. Deur die gedagtegang en kultuur van die millennium-generasie te ken, kan hulle ook makliker bereik word. Hierdie inligting bied 'n rykdom aanknopingspunte om die tiener die kerk se aktiwiteite, te laat voel, proe, ruik en ervaar. Dit kommunikeer op 'n besondere wyse 'n persoonlike ontmoeting met Jesus Christus deur middel van simbole en rituele. Dit is nie van kerkgeboue of enige ander lokale afhanklik nie. Drane (2000:118) verwys na die bevinding van George Barna dat die persone wat tussen 1965 en 1983 gebore is, glo in wat hulle kan voel, proe, sien, hoor en kan aanraak en nie veel meer as dit nie. Drane sê dat hy dieselfde ondervind, maar wat is daar in die huidige vorm van die kerk om te voel, te proe, te sien, te hoor en aan te raak? Tog is daar uitsonderings (vgl Aerts 2002:148-151 in paragraaf 9.5.2 (3) – simbole en rituele).

Daar is tans baie nuwe en vreemde situasies in Suid-Afrika waarbinne tieners opgroei. Dit sluit in die opgroei in kruiskulturele woonbuurte of skole. Vir hulle is dit al hoe meer natuurlik om die skoolbanke met kinders van ander bevolkingsgroepe te deel, saam met hulle te leer, te speel, te sosialiseer en skoolkampe by te woon en selfs ook saam godsdiens te beoefen. So word godsdienstige en kulturele beginsels vermeng en is hulle gedagtegang nie meer so gereformeerd soos wat hulle in die gereformeerde tradisie gehanteer word nie. Dit is ook die rede waarom sommige preke en kategeselesse nie meer veel sin maak nie.

**2. Kritiese ingesteldheid:** Tieners se kritiese ingesteldheid moet eerder as 'n gesonde houding gesien word om tot selfstandigheid binne die sisteem van 'n gesin asook die samelewing te ontwikkel (vgl De Vries 1994:137). Baie ouers is van mening dat 'n generasiegaping alles te make het met 'n stuk ongelukkigheid by tieners oor hulle ouers. Dit is egter nie in alle gevalle waar nie. Kritiese ingesteldheid by tieners is bloot 'n normale ontwikkelingsmeganisme om nie alles onnadenkend te aanvaar nie (vgl Brink en Brink 1999:20-22). Dit is eerder 'n selektiewe benadering tot die lewe om die bruikbare van die onbruikbare te skei. Daaroor moet eerder dankbaarheid as bekommernis bestaan. "*Skepticism has become the psychological and emotional security system designed to shield them from disappointment*" (Barna 1995:20).

**3. Emosioneel onstabiel:** By die probleemstelling van hierdie navorsing is verwys na die verskillende invloede wat gesinne onstabiel maak. Dit is in hierdie situasie en ook as gevolg van 'n eie verwardheid of koersloosheid dat die soektog na iets beters verskerp word. Ongelukkig lei hierdie verskerpte soeke nie altyd na iets beters nie. Die onstabiele leefwyse van die gesinne waarin tieners opgroei, het reeds hul vermoë om binne sekere grense meer doelgerig na iets meer opbouend te soek, nadelig geraak (vgl Brink en Brink 1999:22-23). Tieners verduur tans baie meer emosionele druk en reageer soms daarop met aggressie, 'n aanvallende houding of om die pyn met dwelms, seks of oorverdowende musiek te verlig. Oorverdowende musiek moet as 'n tipe terapie beskou word. Dit is 'n manier om al die lawaai in die samelewing met 'n eie geraas te blokkeer.

**4. Soekers na verskillende waarhede:** Reg of verkeerd is dikwels nie 'n faktor in die groot soektog na rigting in die lewe van 'n tiener nie. Die verstand word meer ingespan as die morele. Barna (1995:113) beweer een van vyftien nuwe reëls om tieners te leer ken en wat hulle in die lewe rig: "... *is to accept the fact that there are no moral absolutes, and to live with it*". Die wêreld verkondig verskillende waarhede en daarom kan elkeen 'n stel waarhede besit wat die persoonlike siening pas. Waarhede of onwaarhede is nie die hoofsaak nie. Wat van belang is, is of iets werklik werk of nie werk nie. Om keuses te maak word al hoe moeiliker soos die keuses in 'n vinnig ontwikkelende wêreld al hoe meer word. Soms word geen keuse werklik gemaak nie. Tieners soek rigting in 'n oënskynlik koerslose wêreld. Hulle staan skepties teenoor die gesag van die volwassenes omdat daar al so baie leiersfigure teleurstellend opgetree het. Wat dus vir die waarheid verkondig word, word sterk betwyfel. Daarom moet die siniese houding van tieners nie sommer bloot in 'n negatiewe lig gesien word nie.

**5. Soekers na 'n geleentheid vir seks:** Die blootstelling aan seksualiteit op televisie en ander stimulering deur die media wek die idee dat seks nie iets is wat vir die huwelik hoef te wag nie. Wanneer daar nie normale intieme verhoudings tussen ouers en kinders bestaan nie word daar na genitale verhoudings gesoek. Barna (1995:68) meen: "*Before they even graduate from high school. One-fifth of all students will have had at least four sex partners*". Menige tieners besef terdeë dat die leemtes in 'n gesonde intieme verhoudingslewe nie met voorhuwelikse of tienerseks gevul kan word nie. Die bedreiging van vigs laat tieners moontlik tans anders na seks kyk.

**6. Soekers met 'n alles-toelaatbare-houding:** 'n Alles-toelaatbare-houding het wel ook voordele, maar die grusame en naak tonele, moorde en kru taal en vloekwoorde

waaraan tieners hulself op televisie blootstel, maak dat daar min gebeurtenisse is wat hulle werklik skok. Die tiener ontvang wel baie inligting, maar hulle is in sekere opsigte ook baie meer afgestomp as die vorige geslagte se tieners. Dit kan toegeskryf word aan 'n opvoeding waar kinders aan die eenkant geïnfantiliseer word, opgepiep word – alles word vir hulle gedoen en aan die anderkant word kinders in te veel aktiwiteite en blootstelling ingedruk (Vgl Friel en Friel 2000:20 en 41-42). Daar is baie ouers wat uitstekend vaar met hul kinders se opvoeding, maar "*Die keersy is ongelukkig dat baie ouers te veel toelaat*" (Brink en Brink 1999:33). Daar is so baie negatiewe dinge wat gebeur en omdat dit lyk asof niemand dit kan verander nie neem baie tieners die houding in om alles eerder maar toe te laat as om dit te stuit. Dit skep 'n gevoel van magteloosheid by ouers.

**7. Tieners se toekomsvisie:** Tieners is oor die algemeen nie veel oor die toekoms bekommert nie. Hulle lewe nie vir die toekoms nie, maar vir die hede. Baie hoor in elk geval nie veel positiewe dinge in die gesprekke van volwassenes oor die toekoms nie. As tieners dus uitsigloos, passief of ongemotiveerd is, moet hulle nie summier daarvoor kwalik geneem word nie. Prins (1997:45) meen: "*n Negatiewe toekomsverwagting ontnem die jeug sy bron van lewensperspektief en dinamiek. Sulke negatiewe verwagtings word ook in verband gebring met die toenemende tendens tot selfmoord onder tieners*". Volgens Pins (2000:98) is daar 'n sterk negatiewe gevoel oor die toekoms onder tieners in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die toekomsvisie wat hulle het, is vir hulle geskep. Die begrip wat hulle van werk of die beoefening van 'n bepaalde beroep in die toekoms het, is nie noodwendig om vooruit in die lewe te gaan nie. Dis eerder iets wat noodgedwonge gedoen moet word om geld te kry. Hulle belê dus eerder in ontspanning en vermaak om van die spanningsvolle lewensituasie weg te kom as in 'n lewenstaak wat spanning skep. Die ewige lewe is dus vir sommige tieners ook van minder belang. Hulle behoeft is 'n god wat betekenis kan gee aan hulle lewe. Jesus is meer 'n gelukbringer as 'n persoonlike Godheid. Dit gaan eerder om 'n eie beeld as om 'n Godsbeeld.

**8. Is daar 'n oplossing?:** Brink en Brink (1999:35) beweer: "... die saak is glad nie hopeloos nie. *Dit is God wat ons kinders vir ons gegee het, en Hy wat ons taak om hulle groot te maak, vir ons gegee het*". Tog bly dit 'n uiters moeilike taak om millennium-kinders op te voed. Aan die een kant probeer tieners met 'n lewe vol eiendaardighede 'n weg vind om iewers te kom en aan die ander kant is ouers besig om tieners se program so te laai om hulle besig en weg van die kwaad te hou dat hulle eendag hulle ouers kan verwyt omdat hulle nooit kans gehad het om kind te wees nie. Meesal gaan dit vir ouers om 'n gesonde beeld uit te stuur van 'n gebalanseerde lewe wat hul kind geniet terwyl hul kind eintlik van 'n vrye ruimte beroof word om 'n eie identiteit te ontwikkel. Tieners word so van geboorte af geprogrammeer dat hulle nie eens agterkom dat hulle kinderjare grootmensjare gemaak word nie.

Die ouers en tieners in die millennium-gesin in Suid-Afrika verskil drasties van mekaar omdat daar binne 'n kort periode groot politieke verskuiwings plaasgevind het wat ook die gemeenskap en woonbuurte direk raak (vgl Brink en Brink (1999:35). Die twee geslagte binne dieselfde gesin beleef derhalwe 'n groter generasie-gaping as moontlik ooit voorheen. Drane (2000:1) sê: "*In the past cultural change was usually a slow business, as one generation succeeded another and made its own minor*

*adjustments to social habits and ways of thinking. But now change is neither subtle nor gradual: it is traumatic and immediate*". Tog is dit nie 'n hopeloze saak om wel aan hierdie millenniumgesinne aandag te gee nie – dit is 'n noodsaaklike aangeleentheid. Dit bly steeds 'n Godegewe taak om hierdie tieners met meer deernis as ooit voorheen op te voed en te begelei.

Hierdie karaktertrekke van tieners en hul leefruimte binne die postmoderne konteks moet nie as 'n bedreiging vir geloofs bemiddeling gesien word nie, maar as 'n uitnodiging om geloof binne hierdie konteks en gedagtegang van tieners met die woorde van Paulus te bemiddel: "*Nou ja, wat julle aanbid sonder om daarvan kennis te hê, verkondig ek aan julle*" (Hand 17:23b).

Met 'n roeping deur God om binne 'n bepaalde Bybelsgefundeerde skema kinders te versorg en die wete dat die huidige situasie in gesinne nie rooskleurig lyk nie, word vervolgens aandag aan gesinsbediening gewy. Daar is voldoende oproepe en positiewe uitsprake dat die basiese gesinstipe, die nukleêre gesin, nie gedoem is nie. Ongeag wye uiteenlopende reaksies op die realiteit van die drastiese veranderinge in die gemeenskap en multikulturele verwarring, veral onder die tieners self, is die hoop geleë in 'n beskikking van God vir 'n beter bedeling in elke gesin. Die herwinning van die posisie van grootouer, ouer en kind as waardebouers in elkeen se lewe, werp vrugte af waar dit wel konstruktief aangepak word. Daar moet gewaak word teen 'n oordrewe klem op die postmoderne sodat die ontnugtering nie te groot sal wees as ontdek word dat ons eintlik in 'n post-Christelike tyd leef nie.